

## **PREEK: SEISOEN VAN HOOP (JESAJA 60)**

**Intreelied: L 442:1-2 – Gees van God wat in my woon**

**Votum**

**Lofliedere:**

**L 547:1-3 – Alle volke, klap julle hande**

**L 345: 1-4 – Kom alle getroues**

**L 366:1-3 – Die vreugdelied wat engele sing**

**Wet: Markus 12:28-34**

**Lied na wet: L 334: 1-4 – God is liefde**

**Gebed**

**Skriflesing: Jesaja 60**

Seisoen van hoop vir 2019? Werklikheid of net 'n hemelpastei-droom?

Almal was in Desember 2017 in Ramaphosa-euforie na die verkiesing van mnr Cyril Ramaphosa tot nuwe leier van die ANC. Die hoop het bestaan dat onder sy leierskap ons land in 'n nuwe rigting gestuur sou word. Die bekamping van korrupsie, staatskapery en vele meer. In die internasionale wêreld was die samesprekings tussen die VSA en Noord-Korea gesien as 'n geleentheid om wêreldvrede en stabiliteit in te lei. Maar altwee hierdie gebeure het tot ontnugtering gelei. Die Ramaphosa-euforie is aan die taan. Internasionaal het die wêreld 'n onstabiele plek geword met groot politieke, ekonomiese, sosio-maatskaplike onsekerhede. China en die VSA se ekonomiese geskille, Brexit, opstande in Europa en vele ander gebeure het bygedra tot hooploosheid en onsekerheid.

Dit bring ons terug by ons teks. Is Jesaja 60 net 'n paradys-tekening? Die teks speel af in die nallingskap (sal konsep verduidelik) gebeure van Israel. Die gelowiges dink na oor hulle verlede en die historiese gebeure van die verlede. Hulle teologie het geleer dat Jerusalem nooit sal val nie, die tempel nie vernietig sal word nie en dat daar altyd 'n Dawidiese koning op die troon sal wees. Ontnugter. Die stad en die tempel is vernietig in 587 vC en die koning weggevoer in ballingskap. 'n Uitlandse Goewerneur is aangestel oor Jerusalem. Die volk dink na oor die sin en betekenis van die lewe en die invloed van God en die teologie op hulle lewe. Om sake in die post-eksiliese geloofsgemeenskap nog verder te bemoeilik, het die gelowiges God as hulle eerste liefde verlaat en toevlug ook gesoek in vreemde gode: Molek, Gad en Meni (Jesaja 57:9; 65:11 en 66:3). Die rol van sinkretisme. Ook was die post-eksiliese gemeenskap besig om die stad en die tempel en die geloofsgemeenskap op te bou. Hulle was in geskille met mekaar wie in- en uitgesluit mag wees in die geloofsgemeenskap van God.

Dit is in hierdie uitsiglose omstandighede dat die profeteskoel van Jesaja 'n seisoen van hoop aankondig.

Hoop in die antieke wêreld was nooit 'n abstrakte denke-konsep nie, maar het gedui op 'n verhouding. Hoop dui op verhouding van God met sy kinders, met die hele wêreld, met die kosmos. Hoop dui op medemenslike verhoudings – verhoudings tussen geloofsgenote en verhoudings tussen gelowige en nigelowiges mense. Ons lees in Jesaja hoe God ingryp in die lewensverloop van die wêreldgeskiedenis en die lewens van sy kinders. God gryp in die lewens van die mense wat in “die duisternis lewe” en “in die

lewe van hulle wat in die skadu van die dood” geleef het. Dit omvou alle mense: Israeliet, nie-Israeliet, randfigure (Jesaja 56). God gebruik die Pers, Kores, as sy Kneg om Israel terug te stuur vanuit ballingskap na Israel (Jehud). God bevestig weer opnuut sy ewige verbond met sy kinders. God herstel sy geloofsverhouding met sy kinders wat afvallig geword het (Jesaja 56-62) en noem hulle: bome van redding, priesters van die Here. Hy salf hulle met sy Gees. Hierin lê die venster, die seisoen van hoop. Jesus as God se lydende Kneg wat mens geword, gesterf het vir ons skuld, sodat die verhouding tussien God en mens herstel is (Jesaja 59:2). Die gelowiges as Geesvervulde mense en gesalfdes van God (Jesaja 61:1) wat ‘n boodskap van genade en verlossing aan die wêreld verkondig.

Hierin vloei **die tweede gedagte** van die seisoen van hoop. Die herstellende geloofsgemeenskap. **Nie** meer ‘n geloofsgemeenskap gekenmerk deur onderdrukking, verdrukking, regsverdeling, uitbuiting nie (Jesaja 58:9), maar ‘n geloofsgemeenskap wat die lig vir die nasies is. Die geloofsgemeenskap is die lig vir die nasies, omdat hulle nie meer twee here dien nie (Matteus 5:24), maar die lewende God. Mense van die lig is deur God se Gees gesalf (Jesaja 61:1) om God-dade, Jesus-dade te doen. Uit hierdie geloofsgemeenskap is die ligstrale konkrete dade: reg en geregtigheid word gehandhaaf, die versorging van hongeries, naaktes en haweloses (Jesaja 58:6-7); die bemoediging van die moedeloses en hooploses; die omarming van alle mense in die wêreld (Jesaja 56); die bevordering van die belange van alle mense in SA. Ja, die sendingopdrag word voortgesit: gaan dan heen na die mense met wie jy elke dag in aanraking kom, verkondig en leef die verlossingsboodskap van Jesus as die Weg, die Waarheid en die Lewe en maak mense dissipels van Jesus (Mat.28:16-20). Die geloofsgemeenskap van die Here is ‘n hoop-huis van die Here waar alle gelowiges uit elke volk en nasie die Here God kan aanbid (Jes. 56:7).

‘n Seisoen van hoop lê opgesluit in veranderende (ge-transformeerde) verhoudings. Jesaja 60 verkondig dat God nuut skep: geestelik, kosmologies (God is die God wat die gang van alles bepaal en nie die son en maan as “gode”nie). In Jesus het God sy koninkryk naby laat kom. In Jesus breek God se koninkryk ‘n pad in hierdie wêreld oop, sodat ek en jy as God se kinders in hoop kan leef, omdat ons van die (i) ‘n erfenis ontvang het waarmee ons kan werk, sodat (ii) ons meetsnoere in die regte plek sal val en (iii) dat om te lewe volgens God se tora ons ‘n ligglans vir die wêreld sal wees.

## **Gebed**

## **Dankoffers**

## **Slotlied: L 488:1-5 – Helder skyn u lig vir die nasies**

## **Uitspreek van seën**

## **Sing Vonkk 38**